Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 17/01 2020

Geagte Ouers/Voogde

Baie welkom terug aan u en alle leerders. Ons vertrou dat dit ‘n baie suksesvolle akademiese jaar sal wees en wens almal voorspoed en sterkte toe.

1. **Personeelaangeleentheid:**
   Dit is vir my aangenaam om u mee te deel dat die skoolhoofaanstelling byna gefinaliseer is. Mnr. Deon van Wyk van HS Sentraal, Bloemfontein, is as skoolhoof aangestel. Sodra administratiewe reëlings afgehandel is, sal mnr. Van Wyk die leisels oorneem. Ons sien uit na ‘n opwindende 2020 saam met hom. Intussen neem mnr. Pienaar as skoolhoof waar.

2. **Samevatting van 2019-matriekuitslae**:
   Aantal kandidate: 23
   Aantal geslaag: 21

   15 leerders het toegang gekry tot ‘n graadkursus.
   6 leerders het toegamg gekry tot ‘n diplomakursus.
   10 vak-A’s.

3. **Noodnommers / Weeklikse nuusbrief via e-pos: [Voltooi afskeurstrokies onderaan]**
   Ons versoek ALLE ouers/voogde om die verlangde inligting **WEER/EERSTE KEER** te verskaf ten einde te verseker dat die korrekte/opgedateerde inligting op die skoolsisteem is. Hierdie afskeurstrokies MOET MAANDAG, 20 JANUARIE, teruggestuur word. Ons versoek dat ALLE ouers/voogde sal reageer. Dankie vir u samewerking.

   Ten einde ons geleentheid te gee om al die data te verwerk, sal die elektroniese uitsending van nuusbriewe vanaf 31 Januarie plaasvind. Tot dan sal u kind dit nog per hand ontvang.

4. **Klerebank:**
   Tye vir klerebank is as volg: Dinsdae: 08:00 - 09:00
   Woesdae: 13:00 - 14:00

   GEEN verkope sal gedurende ander dae en tye plaasvind nie.

5. **Administratiewe reëlings:**
   Ek doen ‘n vriendelike, dog ernstige beroep vir die volgende:
   - **Geen ouer/voog sal toegelaat word om gedurende skoolure net by onderwysers se klasse op te daag, sonder ‘n afspraak nie.** Ouers/voogde moet die skoolsekretaresse kontak en sy sal u besonderhede aan die betrokke onderwysers deurgee om ‘n afspraak met u te maak.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- **Geen pakkies wat by ontvangs afgelewer word, sal gedurende klastyd deur die sekretaresse aan u kind besorg word nie.** Die vakonderwyser sal dit gedurende pouse kry en na pouse aan die kind besorg.

6. **Nasorg:**

Daar is nasorg by Huis Badenhorst beskikbaar. Ons is al 7 jaar aan die gang met onderwysstudente. Die kind se huiswerk word gedoen en ons werk saam met die onderwyser vir ekstra werk indien benodig. Die voltydse nasorg duur van Maandag tot Donderdag van 12:30 tot 17:00. Die koste beloop R490 vir die eerste kind en R430 vir tweede kind per maand vir 11 maande. Tariewe vir buskinders is R45 per dag vir toesig, en R20 per dag vir 'n buskind, sonder huiswerk gedoen, met slegs toesig. Kind kan iets te ete en drinke bring, maar daar is ook etes ten bedrae van R30 per dag beskikbaar op versoek. Privaat onderrig ook beskikbaar op aanvraag.

Kontak: Elmarie: 0828785251 per whatsapp
Lora: 0826164075
Marian vir etes: 0761752707

7. **Finansies:**

Betaalbare geld - 2020:

Skoolgeld

- Skoolgeld beloop **R1 025,00 per maand vir 10 maande**. Betaalbaar Februarie tot November. (Totaal van **R10 250,00 per jaar**)
- Geen glyskaal vir aantal kinders nie.
- Korting vir **aftrekorde**r = 6,5% = **R800,00** per maand. Betaalbaar Januarie tot Desember.
- **Jaarliks vooruit betaal teen** 10%-korting = **R9 225,00** (voor 31 Jan. 2020)
- Glyskaal gegrond op gesamentlike bruto-inkomste van beide ouers.

Busgeld (per kwartaal):

Daaglikse roete

Misgund	R2 000
Louterwater	R1 790
Krakeel	R1 580

BANKBESONDERHEDE

SKOOL:
Bestuursliggaam HS McLachlan ABSA Joubertina Rekening no: 1970 430047 Takkode: 334415

Busgeld vir kwartaal 1 is betaalbaar voor of op 31 Januarie 2020. Indien busgeld nie ten volle betaal is nie, sal leerder ongelukkig nie van die diens gebruik kan maak nie.

Kopieerkoste van R470 per leerder betaalbaar teen 31 Januarie 2020. Die kopieerkoste is vir fotostate gedurende 2020. Indien 'n leerder s'n nie betaal is nie, kan hy/sy nie fotostate ontvang nie.

Die vorms vir verminderde skoolfonds sal teen 31 Januarie 2020 beskikbaar wees. Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om vorms aan te vra, in te vul en terug te besorg aan die skool voor Vrydag, 7 Februarie.

Ouers wat skoolfonds per aftrekorder betaal, moet asseblief verseker dat die bedrag vir 2020 aangepas word. Aftrekorders moet vanaf Januarie tot Desember loop.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Huiswerkboeke is nie meer by die skool te koop nie.

8. **ATKV-redenaarskursus:**
Vaardigheid in redenaars en beoordeling word op 25 Januarie by Hoërskool Grey in Port Elizabeth aangebied. Laerskoolkinders en ouers wat belangstel, kan hul name by mev. Dalene Bohnen ingee. Gr. 7,8-9 kan hul name vir mev. Anneke Roberts gee. Gr. 10-12-leerders gee hul name vir mev. Marietjie Strydom.
Enige kind en ouers is welkom om die kursus by te woon teen R150. As u belangstel, gee asseblief u naam Maandag vir mev. M.J. Strydom.

9. **ATKV-redenaars:**
Temas vir 2020-redenaars. Leerders moet redeneerbare onderwerpe uit die volgende temas aflei:

Gr. 1-3:
kaalvoet
wonder
fees

Gr. 8-9:
lees
instinktief
seine

Gr. 4-5:
letters
voetspore
voel

Gr. 10-12:
murg
alternatief
erodeer

Gr.6-7:
toekoms
liefhê
afranding

Vir meer inligting raadpleeg die ATKV-webwerf: https://atkv.org.za/neemdeel/skoleprojekte/redenaars.

10. **Oppie-Tong-af-redenaars:**
Belangstellende leerders kan vir 'n lys van onderwerpe by mev. M.J. Strydom kom vra.
Sluitingsdatum: 7 Augustus 2020
Deelname: 19-21 Augustus by Hoërskool Pearson in P.E.

Oppie-Tong-af-redenaars, spanredenaars en beoordelaarskursusse - sal later bekendgemaak word.

11. **Sportnuus**:
- Aangepaste dagprogram : Maandag, 20 Januarie 2020
Neem asseblief kennis dat sekere items vir die kleuresport reeds Maandag afgehandel word.
Die program is as volg :
Maandagmiddag vanaf 12:00 sal die items soos hieronder aangedui, plaasvind. Wees asseblief betyds by die veld aangesien die items net op mekaar volg. Geen tye word deurgegee nie.
    - Skyfwerp (0/12 & 0/13)
    - Spiesgooi (0/12 & 0/13)

Maandagmiddag vanaf 14:00 sal die items soos hieronder aangedui, plaasvind. Wees asseblief betyds by die veld aangesien die items op mekaar volg. Geen tye word deurgegee nie.

    - Skyfwerp (0/14 – 0/19)
    - Spiesgooi (0/14 – 0/19)
    - 1500m (0/13 – 0/19)
    - 3000m (0/15 - 0/19)

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Hekkie-items (0/10 – 0/19)

Die skool se dagprogram word as volg aangepas :

- Die laerskool (gr.1-7) sluit om 11:30 . Die busroete vertrek om 11:35.
- Die 0/10- tot 0/13-atlete gaan veld toe vir hul deelname.
- Die hoërskool (gr.8-12) sluit om 13:30. Die busroete vertrek om 13:35.
- Die 0/14- tot 0/19-atlete gaan veld toe vir hul deelname.

Daar sal Maandagmiddag 'n snoepie besikbaar wees. Na afloop van die program sal daar 'n bus slegs vir atlete beskikbaar wees.

Alle atlete wat aan die bogenoemde items deelneem, kom in korrekte sportdrag, soos hieronder uiteengesit, skool toe:

- Swart kortbroek/McL-maroen sweetpakbroek/swart sweetpakbroek
- McL oefenhemp/wit ongedrukte T-hemp/McL-atletiekfrokkie/rooi of geel T-hemp
- Tekkies en wit sokkies/kaalvoet/plakkies

Leerders wat nie aan Maandag se items deelneem nie, kom in skooldrag skool toe. Graad 1 - 2 leerders kom in sportklere skool toe.

- <u>Kleuresport: Dinsdag, 21 Januarie</u>:
  Ons versoek vriendelik dat alle leerders aanstaande week Maandag R10 by hul kleurgroep sal inbetaal vir voorbereiding van die optog en baniere.
  Rooi : Juf. Viginia
  Geel : Juf. Marisa

  Die program van die kleuresportbyeenkoms sal Maandag, 20 Januarie, aan die leerders per hand gegee word.

  Op Dinsdag, 21 Januarie, tree die kleurespanne om 06:40 onderskeidelik by die punte van vertrek aan, (geel – boonste koshuis in De Waalstraat; rooi- voor die skool in P.J. Retiefstraat) waarna die optog na die sportgrond sal plaasvind. Wanneer die kleurgroepe hul plekke op die pawiljoen ingeneem het, sal hul die dag met hul krete open. Daarna sal register geneem word,aangesien dit 'n **verpligte skooldag** is. Die atletiekbyeenkoms begin stiptelik om 07:30 en sal ongeveer om18:00 klaar wees. Die roetebus vertrek Dinsdag, 21 Januarie, om 06:00 vanaf Misgund en sal na afloop van die byeenkoms weer vertrek.
  Neem asseblief kennis dat dit 'n **verpligte skooldag** vir almal is. Graad 1-, 2- en 3-leerders (0/7/8/9) mag na afloop van hul items huis toe gaan. 0/9-atlete wat aan aflosse deelneem, sal egter moet wag vir die aflosse.
  - Leerders moet in die korrekte sportdrag geklee wees soos hierbo by die oefeninge uiteengesit. Tekkies of spykerskoene is opsioneel.
  - Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.
  - Maak seker dat u kind met sonskerm gesmeer is of pak dit in.
  - Sorg dat u kind genoeg drinkwater of eetgoed vir die lang dag het.
  - Pak persoonlike besittings in 'n sak wat u kind self kan oppas.

Ouers en ander ondersteuners is welkom om op die sementpawiljoen die dag saam met ons te kom geniet.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

<u>Beamptes **–** Kleuresport: Dinsdag, 21Januarie</u>:
Ons het persone nodig wat as beamptes kan optree.Ouers het reeds 'n brief ontvang waarop hul kan aandui of hulle kan help. Kontak asseblief vir juf. Tania Potgieter

indien u bereid is om te help,maar nog nie die afskeurstrokie ingevul het nie. U sal teen Maandag ‘n beamptelys ontvang.

Die beamptes moet om 07:00 by die veld aanmeld. Personeel is reeds vanaf 06:00 by die veld. Die gr.8-leerders en laerskool BK moet ook om 06:00 aanmeld om op die veld te help. Hulle mag om 06:40 by hul onderskeie kleurgroepe aansluit.
Na afloop van die byeenkoms moet die laerskool-BK, hoërskool-VRL en gr. 8-klas help met die opruiming.

- **Langkloofsone (laerskool): Vrydag, 24 Januarie:**
  Slegs laerskoolatlete neem deel. Ander laerskoolleerders en alle hoërskoolleerders kan by die huis bly.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit

AFSKEURSTROKIES:

NOODNOMMERS:

Hiermee verleen ek _____ (naam van ouer/voog) toestemming

dat dringende boodskappe wat my kind/ers _____ in graad/grade

_____ raak aan my gestuur mag word. Ek aanvaar dat indien my korrekte kontakbesonderhede nie aan die skool verskaf is nie, ek nie beswaar kan aanteken as ek nie noodboodskappe ontvang nie.

Selfoonnommer 1: _____

Selfoonnommer 2: _____ (indien van toepassing)

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____

<u>WEEKLIKSE NUUSBRIEF VIA E-POS</u>:

Ek _____ , ouer/voog van _____ in graad/grade _____ wil graag die nuusbrief per e-pos ontvang.

E-pos adres: _____ **[Duidelik in drukskrif asseblief.]**

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____

_____